

HOOFSTUK 4: Praktiese bulbestuur

Mnr. Arthur M. de Villiers

U bul is die belangrikste dier in u beesboerdery. Hy maak slegs 3-4% van u kudde uit maar dra 50% by tot elke kalf wat hy produseer en 'n enkele bul kan vir u 40 en meer kalwer per jaar lewer.

DIE NUWE BUL OP DIE PLAAS:

- Indien die 'nuwe' bul saam met ander, vreemde bulle vervoer word, is die ideaal om die bulle nie saam in dieselfde kompartement op die trok te laai nie – veral nie as hulle 'los' staan nie. Bulle kan vreeslik baklei op die trok en die swakker bul kan ook nie wegkom van die bakleier af nie –laai vreemde bulle dus verkieslik in aparte kompartemente (selfs ook bulle wat mekaar ken).
- Sorg dat die bul (veral as dit net een bul is) in 'n veilige kamp (met goeie drade) afgelaai word saam met 'n ander bees of twee om hom vir die eerste paar dae geselskap te hou. Skoon water en goeie weiding sal hom dadelik rustiger maak. Maak seker hy kry die water. Laat die bul met rus vir ten minste twee dae.
- U kan die bul beperk of omvattend verseker en/of u kan semen van die bul tap indien dit spesiale genetica is. Indien u bulle vanaf 'n siektevrye area inbring na 'n area waar siektes soos hartwater, rooiwater, galsiekte, ens. endemies is, verseker die bul eerder vir 'n jaar omvattend.
- Skakel die bul dadelik in by u normale dip-, doseer- en inentingsprogram, onafhanklik van wat die vorige eienaar gedoen het.
- Indien die bul baie vet is, kry hom stelselmatig van die kragvoer af. Eerste week 8 kg/dag; tweede week 4 kg/dag; derde week 1 kg/dag saam met sy toekomstige lek (ad lib); en vierde week net sy normale lek.
- As dit moontlik is, hou die nuwe bul weg van ander bulle totdat hy by sy koeie kom, d.w.s. die bul behoort eers vir 'n seisoen te werk voordat hy in die groter bultrop gegooi word.
- Onthou dat 'n bul tande wissel tussen 2 en 2.5 jaar. Hy kan dus gewig verloor as hy moet aanpas in sy nuwe omgewing, in gemiddelde weiding loop en nog moet dek ook.
- Die ideaal is om die bul twee maande of langer voor u dekseisoen begin, op die plaas te hê, sodat hy in sy nuwe omgewing en by sy nuwe voedingstoestand kan aanpas.

VOOR DIE DEKSEISOEN

- Baie belangrik – toets u bulle drie tot ses weke voor die dekseisoen vir vrugbaarheid en doen skedewasse vir trigomonose en vibriose. Uit 10 940 bulle wat in Amerika getoets is, was ongeveer 20% nie geskik vir gebruik nie. Normaalweg gaan u voor elke dekseisoen ten minste 10% bulle 'verloor'. Identifiseer hulle voor die dekseisoen – die koste om dit te doen is baie minder as die kalwers wat u gaan verloor omdat u dit nie gedoen het nie. Toets self u 'nuwe' bul ook – al is hy verkoop met 'n vrugbaarheidsertifikaat; die effek van die stres van die veiling en die vervoer kan sy vrugbaarheid oor die kort termyn beïnvloed.
- Selfs in stelsels waar meerbulparings gebruik word, is dit noodsaaklik om semen-evaluasie van die bulle te doen, aangesien dominante bulle met swak semen jonger bulle met goeie semen van die koeie kan weghou.
- Gaan bulle voor die dekseisoen deur vir algemene gesondheid en kyk dat hulle struktureel normaal is en dat hul gang op geen manier ongemaaklik of abnormaal is nie.

GEDURENDE DIE DEKSEISOEN

- Observasie van u bulle, veral jong bulle, is belangrik. Kyk dat sulke bulle dekbeendig is en ook dat hulle libido het. Jong bulle is aanvanklik onervare, maar binne 'n paar dae behoort hulle dekbeendig te wees. Daar is gewoonlik 10% bulle met geen of swak libido; identifiseer hierdie bulle en skakel hulle uit.
- In meerbulparingstroppe: sit ouer en jonger bulle saam, nie bulle wat ewe sterk is nie. Nie minder as 3-4 bulle per 100 koeie nie. Vir ons werk dit om een volwasse bul en twee jong bulle per 75 koeie te gebruik. In enkelbuldektroppe behoort 30 tot 40 koeie per volwasse bul vir drie maande per bul toegedeel te word.
- Indien 'n bul 'n koorsreaksie gehad het a.g.v. rooiwater, galsiekte, knopvelsiekte, drie-dae-stywesiekte, ens., sal sy semen heel waarskynlik dood wees en dit kan twee maande (of selfs langer) neem om reg te kom. Goeie observasie behoort gedoen te word gedurende die dekseisoen om dadelik te weet as bulle siek is. Vervang dan so 'n bul. Vrotpootjie gedurende die dekseisoen moet dadelik behandel word, want dit is 'n baie pynlike toestand en die bul sal nie dek voordat die vrotpootjie opgehef is nie. Spuit langwerkende antibiotika. Kyk dat die bulle gesond bly gedurende die dekseisoen. Beserings a.g.v. bakleiery of ander redes kan 'n bul in die dekseisoen uitskakel, veral heup-, been- en kloubeserings.
- Hou rekord van die koeie wat gedek word. Ongeveer 60% koeie raak beset in hul eerste siklus. Indien meer koeie 'terugkom', is daar 'n probleem; dit moet dan so gou as moontlik geïdentifiseer en reggestel word. U het nog tyd om die probleem op te los, maar u sal moet gou speel.
- Dektroppe behoort nie langs mekaar te loop nie. Bulle baklei deur die draad en 'n bul met 'n goeie libido sal deur 'n gewone draad breek na 'n koeie wat op hitte is. Met 2-jaar-oud en jonger bulle kan nog 'n kans gewaag word as die draad baie goed is.

NA DIE DEKSEISOEN

- Honger die bulle uit in aparte krale vir drie tot vier dae (sonder kos of water). Neem die bulle dan een-een na die bulkamp, waar goeie weiding en skoon water vrylik beskikbaar is. Bulle behoort in hierdie omstandighede van die koeie te vergeet en ook meer lus wees vir vreet as om te baklei. Die bulkamp moet ook veilig wees, sonder te veel klippe, slote en gate. Daar moet ook genoeg spasie wees vir bulle om vir mekaar pad te gee.
- Die ideaal is om bulle twee-twee (een ouer en een jonger) te laat loop en nie almal saam in een kamp te sit nie. Veral waardevolle bulle behoort apart gehou te word. In die praktyk gebeur dit egter dat bulle tussen dekseisoene saamgegooi word en die eienaar kan nie veel meer doen as oë toeknyp en hoop vir so min as moontlik beserings nie.
- Die bulkamp kan veilig gemaak word deur dubbeldrade (3 meter uit mekaar) te span teen die kante, waar daar ander beeste langsaan loop. Elektriese heinings kan ook help, alhoewel meer onderhoud nodig is.
- Omdat bulle meer baklei en 'n groter 'persoonlike' ruimte nodig het, maak voorsiening vir genoeg vreetspasie by lekbakke of wanneer beperkte aanvulling gedoen word. Tussen 0.5 meter en 1 meter per bul behoort voldoende te wees. Omgedopte vragmotor- of trekkerbande is goeie lekbakke – dit is onvernietigbaar en kan ook nie die bulle beseer as hulle baklei nie.
- As daar met die bultrop gewerk word, kyk dat al die bulle nie in 'n bondel gejaag (vasgedruk) word nie – hulle baklei gewoonlik onder sulke omstandighede. Bulle wat mekaar vir maande aanvaar het, kan skielik begin baklei as hulle rondgeskuif word – die mooi woord hiervoor is 'verplasinggedrag'.
- Tussen dekseisoene: moenie bulle almal saam met die melkkoeie of 'n ander koei laat loop nie. Die bulle kan, deur almal dieselfde koei te dek, mekaar met geslasiertes besmet.

ALGEMENE OPMERKINGS

- Vir elke tien bulle wat u gebruik, is dit raadsaam om een reserwebul te hê.
- Bonsmarabulle kan alreeds op 14 maande gebruik word indien hulle ten minste 420 kg weeg, die testis ten minste 320 mm is en hul semen getoets is. Hierdie jong bulle behoort 10-20 koeie in drie maande te kan dek.
- Normaalweg kan Bonsmarabulle gebruik word tot op tien jaar. Ouer bulle kan ook gebruik word, maar dan moet spesiale observasie gedoen word om te kyk of die bulle nog goed werk.
- Bonsmarabulle wat volwasse is, weeg tussen 800 en 1000 kg, d.w.s. ten minste 1.5 tot 5 GVE (grootvee-eenheid) – onthou dit t.o.v. die grootte van u bulkamp.
- Geniet u bul – in 90% van die gevalle behoort u geen probleme te hê nie.